# OFM Sportaand maak bydrae tot landelike beveiliging

Die OFM Prestige Sportaand wat in Orkney, tydens die NAMPO Oesdag gehou is, ten bate van die Agri Securitas Trustfonds, en deur Isuzu geborg is, was weereens 'n groot sukses. Die aand het met die ondersteuning van verskeie instansies meer as R50 000.00 opgelewer wat aan die Trustfonds geskenk sal word om gebruik te word in landelike beveiligingsprojekte. Die bekroonde Springbok losskakel, Joel Stransky het by die geleentheid as gasspreker opgetree en het gaste vasgenael op hulle sitplekke gehou met interessanthede uit sy roemryke rugbyloopbaan. Die geleentheid het elke jaar in omvang gegroei en vanjaar was al die tafels dae voor die funksie uitverkoop. Die Besturende Direkteur van OFM, Lyndon Johnstone, het by die geleentheid gesê dat hulle graag volgende jaar weer so 'n geleentheid sal hou om fondse te help insamel vir die bevordering van plaasveiligheid en dat hulle beplan om 'n nog groter geleentheid daarvan te maak.

Die Voorsitter van die Fonds, Japie Grobler, het by die geleentheid gewys op die hoeveelheid plaasaanvalle- en moorde wat plaasgevind het en dat dit onaanvaarbaar is dat die landbougemeenskap die teiken bly van gewetenlose misdadigers. Hy het ook gewys op die reg van mense om in veiligheid te lewe en hulle werk te kan doen en gesê dat die Grondwet tans onder druk verkeer omdat dit nie daarin slaag om mense se veiligheid te help verseker nie.

Die Trustfonds het reeds meer as 65 landelike beveiligingsprojekte gehelp finansier deur geld beskikbaar te stel wat aanvullend aangewend word om landelike gemeenskappe te help beveilig. Die fondse wat met die geleentheid ingesamel is kan help om 'n plaasaanval of nog 'n moord te help voorkom.

Erkenning word graag aan die volgende instansies en persone gegee wat die geleentheid ondersteun het en daarvan 'n sukses gemaak het: Isuzu, OFM, Ou Mutual/Mutual & Federal Agri, Barloworld, Vodacom, Engen, Labworld/Scinetic, His Bayco, Total SA, MPO/Agri Bonus, Smartcom, ABSA Agribesigheid, Landbank, Vrystaat Landbou, Ottosdal Boere-Unie en Jaco Swart.

*Kobus Visser, Direkteur: Korporatiewe Skakeling*

















1. *Kiewiet Ferreira en Andrew Makenete, albei Trusteelede van die Trustfonds.*
2. *Lutz Nell van Agri Bonus het ook 'n tafel bespreek vir die geleentheid.*
3. *Pieter Möller besig om 'n Vrystaat Cheetah rugbytrui op te veil.*
4. *Japie Grobler van Agri Securitas, Tim Hendon van GMSA, Lyndon Johnstone van OFM en Joel Stransky.*
5. *Jaco Swart saam met vriende wat gereelde ondersteuners van die geleentheid is.*
6. *Gaste het smullekker kos geniet.*
7. *Nelia van der Wal van die Landbank saam met gaste uit die Wes-Kaap.*

94-97 OFM
ISUZU Delivers